| Tyd1 | $\Delta\beta\%$ | 0,3690 | 0,0162 |
| Tyd1 | ΔPS | 0,3134 | 0,0521* |
| Tyd1 | $\Delta RT\%$ | -0,3338 | 0,0466 |
| Tyd1 | S1009 | 0,3716 | 0,0154 |
| Tyd2 | S1003 | 0,3770 | 0,0138 |
| Tyd2 | S1004 | 0,3367 | 0,0292 |
| Tyd2 | S100Max | 0,4411 | 0,0035 |
| Tydklem | S1003 | 0,3225 | 0,0373 |
| Tydklem | S1004 | 0,3654 | 0,0173 |
| Tydklem | S1007 | 0,3383 | 0,0284 |
| Tydklem | S100Max | 0,4411 | 0,0035 |
| Tydklem | AOKS100 | 0,3597 | 0,0193 |
| Tyd3 | S1004 | 0,3417 | 0,0268 |
| Tydtotaal | $\Delta\beta\%$ | 0,3984 | 0,0090 |
| Tydtotaal | NK6 | -0,3102 | 0,0456 |
| Tydtotaal | NK7 | -0,3253 | 0,3257 |
| Tydtotaal | NK8 | -0,3462 | 0,0247 |
| Tydtotaal | NK9 | -0,3110 | 0,0405 |
| Tydtotaal | AOKNK | -0,3476 | 0,0241 |
| Tydtotaal | S1003 | 0,3335 | 0,0309 |
| Tydtotaal | S1004 | 0,3108 | 0,0451 |
| Tydtotaal | S1009 | 0,3418 | 0,0267 |
| Tydtotaal | S100Max | 0,4387 | 0,0037 |

Die verband tussen uitkoms en metabliese veranderlikes is ondersoek (Tabel 7.8.7). Hoër pH's, hoër basisoormate en laer PaCO₂'s tydens KPO het met hoër NSE-vlakke 20 ure (NK8) en 30 ure na KPO (NK9), sowel as met die AOKNK gekorreleer. Dit kom dus voor of 'n alkalose die uitkoms benadeel het. Die hematokrit tydens KPO en die glukosekonsentrasies tydens KPO het in hierdie studie met geeneen van die uitkomsveranderlikes gekorreleer nie. Geeneen van die metabliese veranderlikes het met S-100 β -vlakke, of enigeen van die QEEG- of RT-uitkomsparameters korreleer nie.

Tabel 7.8.7: Korrelasies tussen metabliese veranderlikes en uitkomsveranderlikes

| Parameter 1 | Parameter2 | ρ | p |
|------------------------|------------|---------|---------------|
| pH2 | NK8 | 0,3834 | 0,0121 |
| pH2 | NK9 | 0,4303 | 0,0044 |
| pH2 | AOKNK | 0,3256 | 0,0354 |
| pH2max | NK8 | 0,4426 | 0,0033 |
| pH2max | NK9 | 0,4835 | 0,0012 |
| pH2max | NK10 | 0,3398 | 0,0277 |
| pH2max | AOKNK | 0,3903 | 0,0106 |
| SBE2 | NK8 | 0,5164 | 0,0005 |
| SBE2 | NK9 | 0,3668 | 0,0169 |
| SBE2 | AOKNK | 0,3798 | 0,0131 |
| PaCO ₂ 2 | NK9 | -0,3682 | 0,0164 |
| PaCO ₂ 2min | NK8 | -0,2939 | 0,0589* |
| PaCO ₂ 2min | NK9 | -0,3967 | 0,0093 |

In tabel 7.8.8 word die korrelasies tussen verskillende uitkomsveranderlikes opgesom. Die enigste korrelasie tussen RT- en QEEG-parameterverandering, was tussen $\Delta\beta\%$ en $\Delta RT2\%$. 'n Styging in NSE gedurende (NK3 en NK4), 20 ure (NK8) en 48 ure na KPO (NK10), sowel as NKMax en AOKNK het *positief* met $\Delta Akk\%2$ en $\Delta Akk\%4$ gekorreleer. Hierteenoor het NSE gedurende KPO (NK2, NK3) *negatief* gekorreleer met $\Delta Akk\%1$ en $\Delta RT2\%$. Die verhouding tussen 'n styging in NSE en die reaksietydparameters is dus onseker. 'n Styging in NSE vanaf 2 ure (NK5) tot 10 ure na KPO (NK7) en NKMax het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms. 'n Hoër S-100 β 2 ure (S1005) en 10 ure na KPO (S1007) het egter gekorreleer met 'n beter postoperatiewe $\Delta RT1\%$, $\Delta RT2\%$, $\Delta RT3\%$ en $\Delta RTKum\%$.

Die uitkoms van die totale reaksietyd ($\Delta RTKum\%$) het positief gekorreleer met die uitkoms van die totale akkuraatheid ($\Delta F\%$). Ten spyte van die swak korrelasie tussen individuele QEEG- en RT-uitkomstes, het 'n swak QEEG-uitkoms (minstens 2 parameters wat met minstens 10% verswak), 'n swak RT-uitkoms met 'n sensitiwiteit en spesifisiteit van ongeveer 66% voorspel (sien Tabel 7.7.4).

NSE en S-100 β het nie intraoperatief gekorreleer nie. Daar was 'n *negatiewe* korrelasie tussen die styging in vroeëre NSE (NK3, NK5 en NK6) en latere S-100 β (S1007 en S1008), en tussen vroeëre S-100 β (S1002 en S1003) en latere NSE (NK10). 'n Hoër vroeëre S100 β het dus gepaard gegaan met 'n laer latere NSE, en 'n laer vroeëre S-100 β is geassosieer met 'n hoër latere NSE.

Dus, hoër NSE-vlakke het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms. Behalwe vir die negatiewe korrelasie tussen S1006 en $\Delta\alpha\%$ en tussen S1002 en $\Delta Akk\%1$, het hoër S-100 β -vlakke met 'n beter QEEG- en RT-uitkoms gekorreleer, en was daar 'n omgekeerde verband, beide in tyd en konsentrasie, tussen NSE- en S-100 β -vlakke.

Aangesien die eenvoudige reaksietydverandering by KV beter was as by KVO (Tabel 7.6.2.2), en beide die QEEG- en NSE-uitkoms swakker was by KV as by KVO (Tabelle 7.7.1.2 en 7.6.1.2), sal die verwantskap tussen hierdie veranderlikes met behulp van ANCOVA ondersoek word (§7.9. Bylae A).

Tabel 7.8.8: Korrelasies tussen uitkomsveranderlikes: QEEG, reaksietye, S-100 β en NSE

| Parameter 1 | Parameter 2 | ρ | P |
|----------------|------------------|---------|--------------------|
| $\Delta RT2\%$ | $\Delta\beta\%$ | 0,3347 | 0,0461 |
| $\Delta F\%$ | $\Delta RTKum\%$ | 0,6236 | < 0,0001 |
| NK2 | $\Delta Akk1\%$ | -0,3574 | 0,0323 |
| NK2 | $\Delta RT2\%$ | -0,3716 | 0,0256 |
| NK3 | $\Delta RT2\%$ | -0,3729 | 0,0251 |
| NK3 | $\Delta Akk2\%$ | 0,3635 | 0,0293 |
| NK4 | $\Delta Akk1\%$ | -0,3608 | 0,0306 |
| NK4 | $\Delta Akk2\%$ | 0,4252 | 0,0097 |
| NK5 | $\Delta PS\%$ | -0,3064 | 0,0578* |
| NK6 | $\Delta\beta\%$ | -0,3230 | 0,0369 |
| NK6 | $\Delta PS\%$ | -0,4765 | 0,0022 |
| NK7 | $\Delta\delta\%$ | -0,3456 | 0,0250 |
| NK7 | $\Delta PS\%$ | -0,4547 | 0,0036 |
| NK8 | $\Delta Akk2\%$ | 0,4858 | 0,0027 |
| NK10 | $\Delta Akk4\%$ | -0,3817 | 0,0375 |
| NKMax | $\Delta\beta\%$ | -0,3519 | 0,0233 |
| NKMax | $\Delta Akk2\%$ | 0,4071 | 0,0137 |
| AOKNK | $\Delta Akk2\%$ | 0,4427 | 0,0069 |
| AOKNK | $\Delta\delta\%$ | -0,4127 | 0,0066 |
| AOKNK | $\Delta PS\%$ | -0,3749 | 0,0184 |
| S1002 | $\Delta Akk1\%$ | -0,3606 | 0,0307 |
| S1005 | $\Delta RTKum\%$ | 0,3318 | 0,0480 |
| S1005 | $\Delta RT2\%$ | 0,3564 | 0,0329 |
| S1005 | $\Delta RT3\%$ | 0,3773 | 0,0304 |
| S1006 | $\Delta\alpha\%$ | -0,3538 | 0,0215 |
| S1007 | $\Delta RT1\%$ | 0,3331 | 0,0471 |
| S1007 | $\Delta RT2\%$ | 0,3313 | 0,0484 |
| NK3 | S1007 | -0,3900 | 0,0107 |
| NK3 | S1008 | -0,3370 | 0,0291 |
| NK5 | S1007 | -0,3301 | 0,0328 |
| NK5 | S1008 | -0,3542 | 0,0214 |
| NK6 | S1008 | -0,3347 | 0,0302 |
| NK10 | S1002 | -0,3985 | 0,0089 |
| NK10 | S1003 | -0,3117 | 0,0445 |
| NK10 | S1009 | -0,4559 | 0,0024 |
| NK10 | S10010 | -0,4630 | 0,0020 |

Die korrelasies tussen die preoperatiewe funksie (x_1) en postoperatiewe verandering ($\Delta x\%$, chemiese merkers) is vervolgens nagegaan (Tabel 7.8.9). Daar was 'n positiewe korrelasie tussen die preoperatiewe β (β_1) met $\Delta\alpha\%$, $\Delta\alpha/\theta\%$ en $\Delta AAI\%$ maar 'n negatiewe korrelasie met $\Delta RT2\%$. β_1 het ook positief gekorreleer met NSE na opwarming (NK3). Die preoperatiewe α (α_1) het gekorreleer met 'n swakker $\Delta\alpha\%$, $\Delta\alpha/\theta\%$ en $\Delta AAI\%$, maar met 'n beter $\Delta RT2\%$. Die θ_1 het negatief gekorreleer met $\Delta\alpha\%$. Die α/θ_1 het negatief gekorreleer met $\Delta\theta\%$ en $\Delta AAI\%$. δ_1 het positief gekorreleer met $\Delta\delta\%$, $\Delta\theta\%$ en $\Delta AAI\%$. Die preoperatiewe AAI het, soos preoperatiewe α , ook negatief gekorreleer met $\Delta\alpha\%$ en $\Delta\alpha/\theta\%$. 'n Hoër preoperatiewe piekspektrum (PS1) het gekorreleer met 'n beter $\Delta Akk1\%$ maar swakker $\Delta Akk2\%$. Langer preoperatiewe reaksietye en laer akkuraatheid het korreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms.

Tabel 7.8.9: Korrelasies tussen preoperatiewe funksie en postoperatiewe verandering

| Preoperatief | Verandering | ρ | p |
|-------------------|-------------------------|---------|----------|
| β_1 | $\Delta\alpha\%$ | 0,6029 | <0,0001 |
| β_1 | $\Delta\alpha/\theta\%$ | 0,5501 | 0,0002 |
| β_1 | $\Delta\text{AAI}\%$ | 0,5242 | 0,0004 |
| β_1 | $\Delta\text{RT}2\%$ | -0,4677 | 0,0040 |
| β_1 | NK3 | 0,3240 | 0,0363 |
| β_1 | NKMax | 0,3195 | 0,0392 |
| β_1 | S1003 | -0,3701 | 0,0158 |
| β_1 | S1006 | -0,3650 | 0,0175 |
| β_1 | S1007 | -0,3460 | 0,0248 |
| β_1 | S100Max | -0,3764 | 0,0140 |
| β_1 | AOKS100 | -0,3115 | 0,0446 |
| α_1 | $\Delta\alpha\%$ | -0,4185 | 0,0058 |
| α_1 | $\Delta\theta\%$ | -0,4284 | 0,0046 |
| α_1 | $\Delta\alpha/\theta\%$ | -0,4595 | 0,0022 |
| α_1 | $\Delta\text{AAI}\%$ | -0,6646 | < 0,0001 |
| α_1 | $\Delta\text{RT}2\%$ | 0,3288 | 0,0502* |
| α_1 | NKMax | -0,2941 | 0,0581* |
| α_1 | S1006 | 0,3450 | 0,0252 |
| θ_1 | $\Delta\alpha\%$ | -0,3167 | 0,0410 |
| α/θ_1 | $\Delta\theta\%$ | -0,3861 | 0,0116 |
| α/θ_1 | $\Delta\text{AAI}\%$ | -0,4744 | 0,0015 |
| δ_1 | $\Delta\delta\%$ | 0,4464 | 0,0030 |
| δ_1 | $\Delta\theta\%$ | 0,3662 | 0,0171 |
| δ_1 | $\Delta\text{AAI}\%$ | 0,5677 | 0,0001 |
| δ_1 | S1006 | -0,3440 | 0,0257 |
| AA11 | $\Delta\alpha\%$ | -0,3197 | 0,0391 |
| AA11 | $\Delta\alpha/\theta\%$ | -0,3529 | 0,0219 |
| AA11 | S1006 | 0,3310 | 0,0323 |
| PS1 | $\Delta\text{Akk}1\%$ | 0,3613 | 0,0304 |
| PS1 | $\Delta\text{Akk}2\%$ | -0,3773 | 0,0233 |
| PS1 | S1003 | -0,4049 | 0,0087 |
| PS1 | S100Max | -0,3599 | 0,0225 |

Die totale aantal preoperatiewe foute (100-RtxAkk1, F1) en die van die reaksietye (RT11 tot RT41) gedurende die preoperatiewe reaksietydoetsing het onderskeidelik positief en negatief gekorreleer met die NSE vanaf die aanvang van KPO (NK2) tot 30 ure na KPO (NK9), NKMax en AOKNK. Die aantal preoperatiewe foute (100-RT4Akk1 en F1) het negatief gekorreleer met onderskeidelik S-100 β na opwarming en 20 ure na KPO (S1008). Verder het 'n hoër preoperatiewe S-100 β (S1001) gekorreleer met 'n langer reaksietyd by RT4 ($\Delta\text{RT}4\%$).

Hoe laer die preoperatiewe akkuraatheid (RTAkkx1), hoe beter was die postoperatiewe akkuraatheid ($\Delta\text{Akkx}\%$) en reaksietye ($\Delta\text{RTx}\%$). Die korrelasie tussen preoperatiewe reaksietyd (RTx1) en die akkuraatheidsuitkoms ($\Delta\text{Akkx}\%$) was onduidelik; by die 4 korrelasies wat voorgekom het, was daar eweveel negatiewe en positiewe korrelasies. 'n Hoër preoperatiewe akkuraatheid en 'n korter reaksietyd korreleer met 'n beter QEEG-uitkoms ($\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$).

Tabel 7.8.9: Korrelasies tussen preoperatiewe funksie en postoperatiewe verandering
(vervolg)

| Preoperatief | Verandering | ρ | P |
|--------------|-----------------------|---------|-----------------|
| F1 | $\Delta\beta\%$ | -0,3765 | 0,0236 |
| F1 | S1008 | -0,3366 | 0,0447 |
| F1 | NK2 | 0,3839 | 0,0210 |
| F1 | NK3 | 0,5464 | 0,0006 |
| F1 | NK4 | 0,4630 | 0,0045 |
| F1 | NK5 | 0,5525 | 0,0005 |
| F1 | NK6 | 0,6054 | 0,0001 |
| F1 | NK7 | 0,4698 | 0,0038 |
| F1 | NK9 | 0,3326 | 0,0475 |
| F1 | NKMax | 0,5582 | 0,0004 |
| F1 | AOKNK | 0,4839 | 0,0028 |
| RT11 | $\Delta\text{Akk}1\%$ | -0,3695 | 0,0265 |
| RT11 | NK7 | 0,3835 | 0,0209 |
| RT11 | NK8 | 0,4581 | 0,0050 |
| RT11 | AOKNK | 0,3890 | 0,0190 |
| RT1Akk1 | $\Delta\text{Akk}1\%$ | -0,7605 | < 0,0001 |
| RT1Akk1 | $\Delta\text{RT}2\%$ | -0,3544 | 0,0340 |
| RT21 | $\Delta\text{Akk}2\%$ | 0,4107 | 0,0128 |
| RT2Akk1 | $\Delta\text{Akk}2\%$ | -0,7766 | < 0,0001 |
| RT2Akk1 | NK4 | -0,4044 | 0,0141 |
| RT2Akk1 | NK5 | -0,3475 | 0,0378 |
| RT2Akk1 | NK8 | -0,3382 | 0,0437 |
| RT2Akk1 | NKMax | -0,3345 | 0,0462 |
| RT31 | $\Delta\alpha\%$ | -0,3637 | 0,0375 |
| RT31 | $\Delta\text{Akk}2\%$ | 0,4323 | 0,0120 |
| RT31 | NK6 | 0,3908 | 0,0245 |
| RT3Akk1 | $\Delta\text{Akk}3\%$ | -0,3688 | 0,0347 |
| RT3Akk1 | $\Delta\delta\%$ | 0,4527 | 0,0082 |
| RT41 | $\Delta\text{Akk}1\%$ | -0,3954 | 0,0306 |
| RT41 | $\Delta\text{Akk}2\%$ | 0,4597 | 0,0106 |
| RT41 | $\Delta\beta\%$ | -0,3772 | 0,0399 |
| RT41 | NK2 | 0,4496 | 0,0127 |
| RT41 | NK3 | 0,5212 | 0,0031 |
| RT41 | NK4 | 0,5250 | 0,0029 |
| RT41 | NK5 | 0,3777 | 0,0396 |
| RT41 | NK6 | 0,5761 | 0,0009 |
| RT41 | NKMax | 0,5621 | 0,0012 |
| RT41 | AOKNK | 0,3649 | 0,0474 |
| RT4Akk1 | $\Delta\text{Akk}3\%$ | 0,3766 | 0,0402 |
| RT4Akk1 | NK2 | -0,3896 | 0,0333 |
| RT4Akk1 | NK3 | -0,5106 | 0,0039 |
| RT4Akk1 | NK4 | -0,4284 | 0,0182 |
| RT4Akk1 | NK5 | -0,4161 | 0,0222 |
| RT4Akk1 | NK6 | -0,4989 | 0,0050 |
| RT4Akk1 | NK7 | -0,3699 | 0,0442 |
| RT4Akk1 | NKMax | -0,5484 | 0,0017 |
| RT4Akk1 | S1003 | -0,3618 | 0,0495 |
| S1001 | $\Delta\text{RT}4\%$ | -0,4118 | 0,0238 |

Die volgende korrelasies is dus tussen pre-en intra- en postoperatiewe parameteruitkomst gevind:

'n Hoër preoperatiewe β en θ het gekorreleer met 'n beter QEEG-uitkoms. 'n Hoër preoperatiewe α , θ , α/θ en AAI het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms.

'n Hoër preoperatiewe β maar 'n laer α en PS het gekorreleer met swakker postoperatiewe reaksietye ($\Delta\text{Akk}1\%$, $\Delta\text{RT}2\%$ en $\Delta\text{Akk}2\%$), terwyl 'n hoër preoperatiewe akkuraatheid en 'n korter reaksietyd korreleer met 'n beter QEEG-uitkoms ($\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$).

Hoe laer die preoperatiewe akkuraatheid ($\text{RTAkk}x1$), hoe beter was die postoperatiewe akkuraatheid ($\Delta\text{Akk}x\%$) en reaksietye ($\Delta\text{RT}x\%$). Daar was nie 'n konsekwente korrelasie tussen die preoperatiewe reaksietye en postoperatiewe akkuraatheid nie.

Hoe swakker die preoperatiewe reaksietye en akkuraatheid, hoe hoër was bykans al die NSE-vlakke. Hoe swakker die preoperatiewe reaksietye en akkuraatheid, hoe hoër was enkele $\text{S}100\beta$ -vlakke.

Dit behoort uit die voorafgaande duidelik te wees, dat heelwat van die pre- en intraoperatiewe veranderlikes *per se* 'n invloed op die neurologiese uitkoms kon hê. In 'n ondersoek van hierdie aard waar die bydraes van die narkosemiddels nagegaan is, was dit nodig om die invloed van hierdie veranderlikes op die uitkoms na te gaan. Daar is dus voortgegaan met die analise van kovariansie (ANCOVA).

7.9 ANALISE VAN KOVARIANSIE (Sien ook Bylae A)

7.9.1 Die vernaamste bevindinge by die uitkomsveranderlikes sonder inagneming van kovariate

1. Volgens die **QEEG-uitkoms** het die narkosetegniek geen betekenisvolle invloed uitgeoefen nie, terwyl daar wat die chirurgie betref, 'n beter uitkoms by KVO as KV was (Tabel 7.6.1.1).
2. Dit wil voorkom of die narkosetegniek, wat **reaksietye** betref, 'n verskil aan die uitkoms gemaak het, met MK beter as S, terwyl daar nie 'n verskil in die reaksietyuitkoms tussen KVO en KV was nie (Tabelle 7.6.2.1 en 7.6.2.2).
3. **NK** vanaf 4 uur tot 30 uur na KPO (NK6 tot NK9) sowel as die AOKNK was betekenisvol hoër by KV as KVO, maar het nie by MK en S verskil nie (Tabelle 7.7.1.1 en 7.7.2.2). Die uitkoms volgens die piek-NK (NK4) was by KV grens-betekenisvol swakker as by KVO, terwyl dit nie by MK en S verskil het nie (§ 7.7.3).
4. Alhoewel KVO by **S-100β** by 30 uur en 48 uur (S1009 en S10010) statisties betekenisvol hoër as by KV was, het beide waardes binne die normale perke van $<0,2 \mu\text{g.l}^{-1}$ geval, en is nie van kliniese belang nie (Tabel 7.7.1.4). Die uitkoms volgens die piek-S-100β (S1004) was betekenisvol beter by MK as by S, terwyl dit nie by KVO en KV verskil het nie (§ 7.7.3).

7.9.2 Die vernaamste bevindinge ten opsigte van die verklarende veranderlikes

1. Die KVO-pasiënte was betekenisvol ouer as die KV (Tabel 7.1.3). Daar was geen betekenisvolle verskil in biografiese parameters tussen MK en S nie (Tabel 7.1.2).
2. Tyd1, Tyd2 en Tydtotaal was betekenisvol langer by KVO as KV (Tabel 7.2.2).
3. Kleppasiënte het betekenisvol meer MgSO_4 ontvang (Tabel 7.3.2).
4. MK het gedurende Tyd1 ($U1, U1.\text{m}^{-2}$) en in totaal (UT) marginaal nie-betekenisvol beter as S uitgeskei (Tabel 7.3.3).
5. KV het gedurende KPO ($U2, U2.\text{m}^{-2}$) en in totaal ($UT.\text{m}^{-2}$) beter as KVO-pasiënte uitgeskei (Tabel 7.3.4).
6. Die preoperatiewe bloeddruk van KVO-pasiënte was betekenisvol hoër as by KV (Tabel 7.4.2). BP1 was by MK hoër as by S (Tabel 7.4.1). Daar was tydens KPO geen hemodinamiese verskille tussen die MK en S nie (Tabel 7.4.3). $\Delta\text{BP}2\%$ was statisties marginaal nie-betekenisvol meer negatief by KVO as KV. Hierdie verskil (8,22%) is nie klinies van belang nie (Tabel 7.4.4). $\Delta\text{BP}3\%$ was byna betekenisvol meer negatief by KVO as by KV. Hierdie verskil (9,48%) was klinies nie van belang nie (Tabel 7.4.6). Daar was tydens KPO geen betekenisvolle verskil in vloeï-indeks of perifere vaskulêre weerstandsindeks tussen MK en S of tussen KVO en KV nie (Tabelle 7.4.3 en 7.4.4).
7. T1 was by MK betekenisvol laer as by S (Tabel 7.5.1). T2 het nie betekenisvol tussen MK en S verskil nie (Tabel 7.5.1). T3 was by die MK-pasiënte betekenisvol hoër as die S-pasiënte (Tabel 7.5.1). Ts-p1, Ts-p2 en Ts-p3 was deurgaans by MK betekenisvol laer as by S (Tabel 7.5.1).

8. Hkt2 was by MK betekenisvol laer as by S. Verder was Δ Hkt2% betekenisvol meer negatief by MK as by S (Tabel 7.5.3).
9. Die eindgety-CO₂ vóór KPO (PCO₂ET1) was by S statisties hoër as by MK (Tabel 7.5.3). Die mediane PaCO₂ en minimum PaCO₂ was tydens KPO betekenisvol hoër by KVO as by die KV (Tabel 7.5.4).

7.9.3 Bepaling van die invloed van verklarende veranderlikes (ANCOVA)

Daar is as gevolg van die verskille in verklarende veranderlikes besluit om die invloed wat hierdie veranderlikes kon gehad het, te ondersoek, en te bepaal of die verskille wat gevind is behoue bly en of daar ander na vore kom. Alhoewel analise van kovariansie (ANCOVA) voorheen die belang van intraoperatiewe veranderlikes identifiseer het, moet hierdie benadering hier ook gevolg word, ten einde die invloed van ander perioperatiewe faktore (kovariate) op te klaar, wat benewens die narkosemiddels, die uitkoms kon beïnvloed.

Die volgende kovariate (pre- en intraoperatiewe verklarende veranderlikes) is toegelaat om by terugwaartse regressie-analise ingesluit te word. Die gemiddeldes wat by ANCOVA na vore gekom het en by verdere analise gebruik is, word tussen hakies aangedui:

Ras (Swart = 0; Wit = 1) (0,57)

Geslag (Man = 1; Vrou = 0) (0,60)

Ouderdom (46,5 jaar)

Tyd1 (56,9 minute)

Tyd2 (77,6 minute)

Tyd3 (58,2 minute)

T1 (35,9°C)

Ts-p1 (5,2 °C)

T2 (32,2°C)

Ts-p2 (1,6°C)

T3 (36,2°C)

Ts-p3 (2,4°C)

Δ BP1% (-14,7%)

Δ BP2% (-38,4%)

Δ BP3% (-19,6%)

PaCO₂2min (31,81 mm Hg)

Hkt2min (25,94%)

Iso%min (30,2 %min)

MgSO₄ (76,8 mg.kg⁻¹)

Die volgende uitkomsveranderlikes is ten opsigte van die aangepaste gemiddeldes (AG; *adjusted mean*) van die verklarende intraoperatiewe veranderlikes geïnterpreteer:

QEEG-veranderlikes:

$\Delta\beta\%$

$\Delta\alpha\%$

$\Delta\delta\%$

$\Delta\theta\%$

$\Delta\alpha/\theta\%$

$\Delta\text{PS}\%\Delta\text{AAI}\%$

Reaksietydveranderlikes:

$\Delta\text{RT}1\%, \Delta\text{Akk}1\%$

$\Delta\text{RT}2\%, \Delta\text{Akk}2\%$

$\Delta\text{RT}3\%, \Delta\text{Akk}3\%$

$\Delta\text{RT}4\%, \Delta\text{Akk}4\%$

$\Delta\text{RTKum}\%, \Delta\text{F}\%$

Chemiese merkers:

NKMax

AOKNK

S100Max

AOKS100

Die narkosetegnieke MK en S, die chirurgie KVO en KV en die interaksies tussen narkosetegniek en die chirurgie (NarkoseXChirurgie) was as vaste veranderlikes behou. Afhangende van die waarde van R^2 en die R^2 aangepas vir die steekproefgrootte (\hat{R}^2), is die ander verklarende veranderlikes onderskeidelik by peil van betekenis van 15% ($p < 0,15$) of 20% ($p < 0,20$) (*probability to remove; pr*) vir ANCOVA ingesluit. Die kovariate is by die peil van 5% as betekenisvol beskou ($p > |t| < 0,05$). Interaksies is by die 10%-peil as betekenisvol beskou ($p > |t| < 0,10$). Die ANCOVA word in Tabelle 7.9.1 tot 7.9.7 en Figure 7.9.1 tot 7.9.6 opgesom.

Tabel 7.9.1: Uitkomsveranderlikes by die narkosetegniek en chirurgie

| Uitkomsveranderlike | Narkosetegniek | | | Chirurgie | | |
|-----------------------------|----------------|--------|--------------|-----------|---------|------------------|
| | MK (AG) | S (AG) | p-waarde | KVO (AG) | KV (AG) | p-waarde |
| $\Delta\beta\%$ | -15,94 | -9,06 | 0,491 | -8,69 | -16,32 | 0,121 |
| $\Delta\alpha\%$ | -3,49 | -2,88 | 0,645 | 2,86 | -9,23 | 0,517 |
| $\Delta\delta\%$ | -23,97 | -26,50 | 0,548 | -15,29 | -35,19 | 0,114 |
| $\Delta\theta\%$ | -14,75 | -32,79 | 0,010 | -7,10 | -40,45 | <0,001 |
| $\Delta\alpha/\theta\%$ | -15,96 | -20,72 | 0,503 | -0,57 | -36,11 | 0,009 |
| $\Delta PS\%$ | -12,96 | -1,40 | 0,036 | -1,00 | -10,56 | 0,206 |
| $\Delta AAI\%^{**}$ | | | | | | |
| $\Delta RT1\%$ | -9,62 | -6,90 | 0,607 | -8,93 | -7,59 | 0,803 |
| $\Delta Akk1\%$ | -0,72 | -0,38 | 0,843 | -8,69 | -16,32 | 0,585 |
| $\Delta RT2\%$ | | | | | | |
| $\Delta Akk2\%$ | -1,54 | -0,97 | 0,491 | 2,58 | -0,07 | 0,053* |
| $\Delta RT3\%$ | -5,17 | -6,08 | 0,747 | -2,55 | -8,70 | 0,466 |
| $\Delta Akk3\%$ | 16,60 | -17,46 | 0,010 | 8,24 | -9,11 | 0,164 |
| $\Delta RT4\%$ | -3,92 | -13,48 | 0,521 | -14,97 | -2,44 | 0,097 |
| $\Delta Akk4\%^{**}$ | | | | | | |
| $\Delta RTKum\%$ | -5,08 | -8,12 | 0,491 | -5,23 | -7,93 | 0,584 |
| $\Delta F\%$ | 5,39 | -9,45 | 0,002 | -1,77 | -2,30 | 0,856 |
| NKMax $\mu g.l^{-1}$ | 16,78 | 14,96 | 0,578 | 15,17 | 16,55 | 0,149 |
| AOKNK $\mu g.l^{-1}.minute$ | 23841 | 22393 | 0,382 | 17013 | 29222 | 0,044 |
| S100Max** | | | | | | |
| AOKS100** | | | | | | |

**Betekenisvolle interaksies.

Uit tabel 7.9.1 kan die volgende afgelei word:

1. $\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$: Die narkosetegniek en die chirurgie het statisties geen betekenisvolle effek gehad nie. KVO sou klinies ook betekenisvol beter ten opsigte van $\Delta\alpha\%$ en $\Delta\delta\%$ beter as KV gevaar het (onderskeidelik 12,09% beter; $p = 0,517$ en 19,90% beter; $p = 0,114$) indien verskille van hierdie grootte werklik voorgekom het.
2. $\Delta\theta\%$: Wanneer die kovariate in berekening gebring word, tree daar statisties en klinies 'n betekenisvolle verskil tussen MK en S te voorskyn met MK wat 18,04% beter gevaar het ($p = 0,010$). Die KVO's het 'n 33,35% beter uitkoms as die kleppe gehad ($p < 0,001$).
3. $\Delta\alpha/\theta\%$: Na ANCOVA was KVO betekenisvolle beter 35,54% as KV ($p = 0,009$); daar was steeds geen betekenisvolle verskil tussen die narkosetegnieke nie ($p = 0,503$).
4. $\Delta PS\%$: S was 14,36% beter as MK ($p = 0,036$). Hierdie verskil is van grens kliniese belang. Die statisties beter uitkoms wat daar met die Welch toets by $\Delta PS\%$ by KVO in vergelyke met KV gevind is ($p = 0,0053$; Tabel 7.6.1.2), het met ANCOVA verdwyn ($p = 0,206$). Die verskil was daar ook van grens kliniese belang (11,56%).
5. $\Delta RTKum\%$: Die verandering in kumulatiewe reaksietyd ($\Delta RTKum\%$) het geen betekenisvolle verskil tussen die narkose of die chirurgie na vore gebring nie.
6. $\Delta F\%$: MK het postoperatief kumulatief statisties betekenisvol minder foute as S gemaak (14,86% minder; $p = 0,002$). Hierdie verskil is van grens kliniese belang.

7. $\Delta RT1\%$: Die betekenisvolle verskil wat daar tussen KVO en KV met die Welch toets gevind is, het met ANCOVA verdwyn.
8. $\Delta Akk1\%$: Daar was geen betekenisvolle verskil by die narkosetegniek of chirurgie nie.
9. $\Delta Akk2\%$: Daar was geen betekenisvolle verskil tussen die narkoses nie. KVO het statisties marginaal nie-betekenisvol beter as KV gedoen ($p = 0,053$). Hierdie verskil van 2,65% is egter klinies nie van belang nie.
10. $\Delta RT3\%$: $\Delta RT3\%$ het nie tussen MK en S of tussen KVO en KV verskil nie.
11. $\Delta Akk3\%$: Na ANCOVA het daar statisties 'n betekenisvolle verskil tussen MK en S na vore gekom; hierdie verskil was ook klinies van groot betekenis met MK wat gemiddeld 34,06% beter as S gevaar het ($p = 0,010$).
12. $\Delta RT4\%$: KVO was marginaal nie-betekenisvol beter as KV ($p = 0,097$). Die klinies betekenisvolle 17,86% beter uitkoms by MK ($p = 0,0213$; Wilcoxon; Tabel 7.6.2.1), is nie met ANCOVA aangetoon nie ($p = 0,521$). Die verskil van 9,56% was ook slegs van grens kliniese belang.
13. NKMax: Daar was nie tussen narkose of tipe chirurgie 'n verskil nie.
14. AOKNK: Dit was volgens beide die Welch toets ($p = 0,0155$; Tabel 7.7.1.2) en die ANCOVA ($p = 0,044$; Tabel 7.9.1) betekenisvol hoër by KV as by KVO.


Die volgende interaksies het voorgekom:

1. Interaksie by $\Delta AAI\%$

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkose en die chirurgie ($p = 0,057$). Die uitkoms by KVO wat MK ontvang het, was ook klinies betekenisvol beter as KVO was S ontvang het (1,27% teenoor -25,17%). Die verskil tussen die uitkoms met MK of S het by kleppe ook verskil; S het beter as MK gevaar (-25,74% by S teenoor -30,08% by MK). Die verskil was ten opsigte van KV statisties betekenisvol, maar hierdie verskil van 4,34% was nie van kliniese belang nie. KVO het dus moontlik 26,44% beter met MK as S gedoen, terwyl MK en S hier nie 'n verskil aan KV gemaak het nie (Tabel 7.9.2, Figuur 7.9.2).

Tabel 7.9.2: Interaksie by $\Delta AAI\%$ ($p = 0,024$)

| | | Chirurgie | | |
|---------|--------|-----------|--------|--------------|
| | | KVO | KV | Totale groep |
| Narkose | MK | 1,27 | -30,08 | -15,15 |
| | S | -25,17 | -25,74 | -25,44 |
| | Totaal | -12,58 | -28,01 | |




Figuur 7.9.2: Interaksie tussen Narkose en tipe chirurgie ten opsigte van ΔAAI% (p = 0,057).

2. Interaksie by ΔART2%

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen narkoses en chirurgie (p = 0,023; Figuur 7.9.2). Volgens die interaksie het KVO betekenisvolle beter met MK as met S gedoen terwyl KV betekenisvol beter met S as met MK gedoen het. Let egter daarop dat hierdie verskil ten opsigte van KVO groter was, met 'n verskil van 14,68% grens klinies ten gunste van MK was, terwyl die verskil tussen MK en S by die KV wel statisties van belang was maar kleiner is met 'n verskil van slegs 4,48% ten gunste van S (Tabel 7.9.3 en Figuur 7.9.3). Net soos in die geval van ΔAAI% het KVO dus beter met MK as S gedoen terwyl die verskil tussen MK en S by KV nie klinies van belang was nie.

Tabel 7.9.3: Interaksie by ΔART2% (p = 0,023)

| | | Chirurgie | | |
|---------|--------|-----------|--------|--------------|
| | | KVO | KV | Totale groep |
| Narkose | MK | 2,11 | -10,26 | -4,37 |
| | S | -12,57 | -5,78 | -9,33 |
| | Totaal | -5,58 | -8,13 | |




Figuur 7.9.2: Interaksie tussen narkose MK en S en tipes operasies KVO en KV (p = 0,023). Die verskil tussen MK en S by KVO groter (10,46%) as die verskil tussen MK en S by KV (4,49%).

3. Interaksie by $\Delta\text{Akk}4\%$

Daar was by $\Delta\text{Akk}4\%$ 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkoses en die tipes operasies ($p = 0,045$). Volgens die interaksie het KVO beter met S as met MK gedoen terwyl KV beter met MK as S gedoen het. Die verskil tussen MK en S by KVO was egter klinies nie van belang nie ('n verskil van 2,16%), terwyl MK by KV ook klinies betekenisvol beter (50,18%) as S was (Tabel 7.9.4 en Figuur 7.9.4). MK was dus moontlik beter as S.

Tabel 7.9.4: Interaksie by $\Delta\text{Akk}4\%$ ($p = 0,045$)

| | | Chirurgie | | |
|---------|--------|-----------|--------|--------------|
| | | KVO | KV | Totale groep |
| Narkose | MK | -14,89 | 12,97 | -0,30 |
| | S | -12,73 | -37,21 | -24,38 |
| | Totaal | -13,76 | -10,93 | |




Figuur 7.9.4: Interaksie tussen narkoses MK en S en tipes operasies KVO en KV ($p = 0,045$).

4. Interaksie by die verskil tussen S1001 en die maksimum S100 (S100Max)

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkosetegniek en die chirurgie ($p = 0,018$). Volgens die interaksie het KVO beter gedoen met S, terwyl KV beter met MK gedoen het (Tabel 7.9.5 en Figuur 7.9.5). Wanneer die kriterium van $\geq 1,1 \mu\text{g.l}^{-1}$ as afsnypunt vir 'n swak uitkoms gebruik word, het KVO beter met S as met MK gedoen, terwyl KV met beide MK en S 'n ongunstige uitkoms gehad het.

Tabel 7.9.5: Interaksie by S100Max ($\mu\text{g.l}^{-1}$)

| | | Chirurgie | | |
|---------|--------|-----------|------|--------------|
| | | KVO | KV | Totale groep |
| Narkose | MK | 2,48 | 1,49 | 1,96 |
| | S | 1,04 | 2,13 | 1,56 |
| | Totaal | 1,72 | 1,80 | |




Figuur 7.9.5: Interaksie tussen die narkose-tegniek en die operasie ten opsigte van S100Max ($p = 0,018$).

5. Area onder die kromme van S-100 β -proteïen (AOKS100)

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkoses en die chirurgie ($p = 0,004$). Volgens die interaksie was KVO geassosieer met 'n laer AOKS100 indien S toegedien is, terwyl KV met MK beter gedoen het (Tabel 7.9.6 en Figuur 7.9.6). KV het dus met beide die S-100 β -uitkomstparameters met MK beter gedoen, terwyl KVO by beide beter met S gedoen het.

Tabel 7.9.6: Interaksie by AOKS100 ($\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$) ($p = 0,004$)

| | | Chirurgie | | |
|---------|--------|-----------|--------|--------------|
| | | KVO | KV | Totale groep |
| Narkose | MK | 632,80 | 348,25 | 483,75 |
| | S | 242,14 | 546,79 | 387,21 |
| | Totaal | 428,17 | 442,79 | |



Figuur 7.9.6: Interaksie tussen MK en S en tipes operasies KVO en KV ten opsigte van AOKS100 ($p = 0,004$).

7.9.4 Die bydrae van kovariate

Die kovariate het meestal tussen nou grense beweeg sodat die invloede daarvan waarskynlik met 'n groter steekproef duideliker na vore sou kom. Daar was van die koëffisiënte van kovariate waarvan die teken (positief of negatief) in van die vergelykings verskil het. Hierdie veranderlikes is egter kovariate, en tree derhalwe in mekaar se geselskap en nie in isolasie in die bepaalde regressievergelykings op nie. Daar was kovariate wat, benewens die narkosetegniek en die chirurgie, 'n konsekwente gedrae ten opsigte van die teken (positief of negatief) vertoon het, sodat dit makliker was om die invloed daarvan te voorspel.

1. Ras en geslag het nie 'n bydrae tot uitkoms lewer nie.
2. Hoër ouderdom het die uitkoms benadeel.
3. Die wil voorkom of langer operasietye (Tyd1, Tyd2 en Tyd3) uitkoms benadeel het. 'n Langer Tyd2 en Tyd3 is betekenisvol geassosieer met 'n hoër S100Max en AOKS100, terwyl NKMax ook positief gekorreleer het met Tyd2.
4. Die verandering in bloeddruk voor KPO ($\Delta BP1\%$) was $-18,89\%$ tot $-10,60\%$ (95% VI); 'n meer positiewe verandering is met 'n swakker uitkoms geassosieer. Die verandering in bloeddruk tydens KPO ($\Delta BP2\%$) was $-42,93\%$ tot $-33,89\%$ (95% VI) en na KPO ($\Delta BP3\%$) $-25,56\%$ tot $-13,76\%$ (95% VI). Die invloed van $\Delta BP2\%$ was onduidelik (vanweë die teken), maar dit lyk of 'n hoër bloeddruk tydens KPO die uitkoms mag verbeter het. 'n Hoër $\Delta BP3\%$ het ook die uitkoms benadeel.
5. Die rol van sentrale temperatuur voor KPO (T1) was $35,70^{\circ}\text{C}$ tot $36,01^{\circ}\text{C}$ (95% VI) en na KPO (T3) was dit $36,08^{\circ}\text{C}$ tot $36,40^{\circ}\text{C}$ (95% VI). 'n Hoër T1 en T3 het moontlik 'n gunstige invloed gehad.
6. Die temperatuur tydens KPO (T2) van $31,72^{\circ}\text{C}$ tot $32,72^{\circ}\text{C}$ (95% VI) het nie 'n duidelike rol gespeel nie maar moontlik was 'n hoër temperatuur voordelig. Die

maksimum temperatuur tydens KPO (T_{2Max}) was $37,19^{\circ}C$ tot $37,44^{\circ}C$ (95% VI), maar is nie by die ANCOVA ingesluit nie.

7. Die verskil tussen die sentrale en perifere temperatuur tydens KPO (T_{s-p2}) was $1,55^{\circ}C$ tot $2,31^{\circ}C$ (95% VI); 'n laer waarde is geassosieer met 'n beter uitkoms. T_{s-p1} was $4,16^{\circ}C$ tot $6,19^{\circ}C$ (95% VI) en die invloed daarvan was onduidelik. T_{s-p3} was $1,80^{\circ}C$ tot $2,95^{\circ}C$ (95% VI) en 'n hoër waarde is moontlik geassosieer met 'n positiewe invloed op die uitkoms.
8. Die hematokritte wat in hierdie studie ter sprake was, was 0,25 tot 26% (95%VI) en het blykbaar nie 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad nie.
9. Die minimum $PaCO_2$ tydens KPO ($PaCO_{2min}$) was 30,91 mm Hg tot 32,73 mm Hg (95% VI); 'n laer $PaCO_2$ tydens KPO is geassosieer met 'n beter uitkoms.
10. Die gebruik van isofluraan het 'n positiewe invloed op die uitkoms gehad.
11. Die gebruik van $MgSO_4$ is geassosieer met 'n swakker uitkoms.

7.9.5 Opsomming van bevindings met ANCOVA

Die bevindinge van toepassing op die uitkomsveranderlikes word in Tabel 7.9.7 opgesom.

Tabel 7.9.7: Opsomming van betekenisvolle invloede van narkosetegniek en operasie op uitkomsveranderlikes na ANCOVA [Uitkoms, liniêre voorspelling (Aangepaste gemiddelde)].

| Uitkoms | Uitkoms | p | Klinies beter |
|-------------------------|--|----------------|------------------------------|
| $\Delta\theta\%$ | MK(-14,86%); S (-32,69%) KVO (-7,37%); KV (-40,18%) | 0,012 0,001 | MK KVO |
| $\Delta\alpha/\theta\%$ | KVO (-0,57%); KV (-36,11%) | 0,009 | KVO |
| $\Delta PS\%$ | S (1,40%); MK (-12,96%) | 0,036 | Moontlik S |
| $\Delta AAI\%$ | Interaksie: KVO + MK (1,27%); KVO + S (-25,17%) KV + MK (-30,08%); KV + S (-25,74%) | 0,057 | MK |
| $\Delta F\%$ | MK (5,39%); S (-9,46%) | 0,002 | Moontlik |
| $\Delta RT2\%$ | Interaksie KVO + MK (2,11%); KVO + S (-12,57%) KV + MK (-10,26%); KV + S (-5,78%) | 0,026 | Moontlik |
| $\Delta Akk2\%$ | KVO (2,58%); KV (-0,07%) | 0,053* | Onbelangrik |
| $\Delta Akk3\%$ | MK (16,60%); S (-17,46%) | 0,010 | MK |
| $\Delta RT4\%$ | KVO (-14,97%); KV (-2,44%) | 0,097* | KV |
| $\Delta Akk4\%$ | Interaksie KVO + MK (-14,89%); KVO + S (-12,73%) KV + MK (12,97%); KV + S (-37,21%) | 0,045 | MK |
| AOKNK S100Max | KVO (17013.1 $\mu\text{g.l}^{-1}.\text{minute}$): KV Interaksie KVO + MK (2,48 $\mu\text{g.l}^{-1}$); KVO + S (1,04 $\mu\text{g.l}^{-1}$) KV + MK (1,49 $\mu\text{g.l}^{-1}$); KV + S (2,13 $\mu\text{g.l}^{-1}$) | 0,004 0,018 | KVO S by KVO; MK by KV |
| AOKS100 | Interaksie KVO + MK (632,8 $\mu\text{g.l}^{-1}.\text{minute}$) << KVO + S (242,14 $\mu\text{g.l}^{-1}.\text{minute}$) KV + MK (348,3 $\mu\text{g.l}^{-1}.\text{minute}$) > KV + S (546,8 $\mu\text{g.l}^{-1}.\text{minute}$) | 0,004 | S by KVO; MK by KV |

7.10 HOOFBEVINDINGE

7.10.1 Pre- en intraoperatiewe veranderlikes

1. Die narkosetegnieke en die chirurgiese prosedures is geassosieer met betekenisvolle pre- en/of intraoperatiewe veranderings, wat opsigself 'n invloed op die uitkoms kon hê.
2. Die *KVO-pasiënte was betekenisvol ouer en beter gevoed* as die KV (Tabel 7.1.4).
3. Die operasietyd vóór en tydens *KPO was langer by KVO* (Tabel 7.2.2).
4. Tydens en na KPO was die *bloeddrukverandering byna betekenisvol meer negatief by KVO-* as klepvervangings (tabelle 7.4.4 en 7.4.6).
5. *Midasolam plus ketamien het 'n betekenisvolle invloed van op die temperatuur gehad* (laer voor KPO, hoër na KPO en 'n nouer Ts-p) (Tabel 7.5.1).
6. Tydens KPO was die *hematokrit laer by midasolam plus ketamien* as by sufentaniel (Tabel 7.5.3).
7. KV *het meer MgSO₄ ontvang* (Tabel 7.3.2).

7.10.2 Die QEEG

1. Die verandering was die opvallendste in die relatiewe δ - en θ -frekwensiebande, naamlik $\Delta\delta\% = -25,24\%$ ($p = 0,0070$) en $\Delta\theta\% = -23,77\%$ ($p = 0,0007$) en die $\Delta AAI\% = -20,30\%$ ($p = 0,0007$).
2. Volgens die kriterium van 'n swak QEEG-uitkoms (minstens 2 parameters, agteruitgang $\geq 20\%$) het 27/42 van die pasiënte (64,29%) agteruitgang getoon. Van die MK-pasiënte het 13/21 (61,9%) en van die S-pasiënte 14/21 (66,7%) agteruitgegaan ($p = 0,5000$; Fisher se eksakte toets). By KVO het 8/21 (38,1%) en by KV 19/21 (90,5%) van pasiënte agteruitgegaan ($p < 0,001$; Fisher se eksakte toets). Volgens die QEEG het *KVO dus beter* as KV gevaar.
3. By $\Delta PS\%$ was by KVO sowel as KV statisties en moontlik klinies betekenisvol *beter met sufentaniel* as met midasolam plus ketamien (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).
4. Midasolam plus ketamien was ten opsigte van $\Delta\theta\%$ *beter* as sufentaniel (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).
5. By $\Delta\theta\%$ ($p = 0,0010$; ANCOVA) en $\Delta\alpha/\theta\%$ ($p = 0,0090$) was die uitkoms by KVO *beter* as by KV (Tabelle 7.9.1, 7.9.7).
6. Daar was by $\Delta AAI\%$ 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkose en die chirurgie ($p = 0,057$). KVO het moontlik 26,44% *beter* met MK as S gedoen, terwyl MK en S hier nie 'n verskil aan KV gemaak het nie (Tabel 7.9.2, Figuur 7.9.2).

7.10.3 Reaksietye

1. Die reaksietye het postoperatief *meer verleng* as wat die akkuraathede afgeneem het (7.6.3.2).
2. Wanneer die strengere kriterium vir 'n swak reaksietyduitskoms (agteruitgang van ≥ 2 veranderlike met $\geq 10\%$) toegepas is, was daar by 17/36 (47,22%) pasiënte agteruitgang; 5/18 (27,78%) van MK en 12/18 (66,67%) van S ($p = 0,0220$; Fisher se eksakte toets), terwyl daar nie 'n verskil tussen KVO 9/17 (52,94%) en KV 9/19 (42,11%) was nie ($p =$

0,3670; Fisher se eksakte toets). Volgens die reaksietye was daar dus nie tussen die chirurgiese prosedures 'n verskil in uitkoms nie, maar het die narkosetegniek moontlik 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad.

3. Ten opsigte van $\Delta Akk3\%$ en $\Delta RT4\%$ was *midazolam plus ketamien beter* as sufentaniel, terwyl $\Delta F\%$ statisties maar ook moontlik klinies beter met midazolam plus ketamien as met sufentaniel was (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

4. By die volgende reaksietydveranderlikes het nóg die narkosetegniek, nóg die chirurgiese ingreep 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad: $\Delta RT1\%$, $\Delta Akk1\%$, $\Delta Akk2\%$, $\Delta RT3\%$ en $\Delta RTKum\%$ (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

7.10.4 Chemiese merkers

1. Die chemiese merkers van breinskade het nie onderskei tussen die narkosetegnieke nie. NSE het egter betekenisvol vanaf 10 uur tot 30 uur na KPO hoër vlakke by KV bereik (Tabelle 7.7.1.1 en 7.7.1.2). By NKMax het nóg die narkosetegniek, nóg die chirurgiese ingreep 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7). Volgens AOKNK het *KVO 'n beter uitkoms* as KV gehad (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

2. Die S-100 β -proteïen was by 30 uur en 48 uur na KPO statisties maar nie klinies betekenisvol hoër by KVO as by KV nie (Tabel 7.7.1.4). Daar was egter geen betekenisvolle verskil by die narkosetegnieke nie (Tabel 7.7.1.3). Ten opsigte van S100Max en AOKS100 was *MK beter vir KV, terwyl KVO beter met S gedoen* (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

3. Wanneer die bevindinge van Georgiadis *et al* as kriteria vir 'n goeie uitkoms toegepas word ('n maksimum NSE-vlak van minder as 20 $\mu g.l^{-1}$ en 'n maksimum S-100 β -vlak van minder as 1,1 $\mu g.l^{-1}$ op die dag van chirurgie),⁸³² het die NSE-styging nie tussen MK en S of tussen KVO en KV verskil nie. Volgens S-100 β het MK 'n beter uitkoms as S gehad ($p = 0,0250$; Fisher se eksakte toets), maar het nie betekenisvol by KVO en KV verskil nie. *MK was dus beter* ten opsigte van die S-100 β -uitkoms

4. Die korrelasies of verband tussen die uitkomsveranderlikes was nie altyd consistent en duidelik nie – sien bespreking ¶8.1.